Fokalisering: Bottelnek of filter?

Wilhelm Liebenberg

Opsomming

Daar word getoon hoedat Mieke Bal se gebruik van die term *fokalisering* van dié van Genette verskil en hoedat dit tot verwarring en drogargumente lei wanneer kritici en teoretici nie mooi tussen die twee onderskei nie. Daar word voorgestel dat die woord *filter* gebruik word vir Bal se nosie van fokalisering, terwyl die fokalisering waarvan Genette praat beter as 'n "bottelnek" van informasie beskryf kan word. Omdat dieselfde instansie in 'n verhaal as beide bottelnek en filter kan funksioneer, is dit narratologies sinvol om 'n duidelike onderskeid tussen die twee te maak.

Summary

It is shown how Mieke Bal's use of the term *focalization* differs from that of Genette and how confusing the two has led to misrepresentation and false argument. It is proposed that the word *filter* be used for Bal's notion of focalization whilst Genette's focalization be defined as a "bottleneck" of information. Since it is possible for the same character in a novel to function as both bottleneck and filter, a clear terminological distinction between the two is imperative.

Inleiding

Die term *fokalisering*, oftewel *fokalisasie*, het 'n geskiedenis. Sedert Gérard Genette dit in *Narrative Discourse* ([1972] 1980) gedefinieer het, is die betekenis van die term deur Mieke Bal (1980) en Slomith Rimmon-Kenan (1983) gewysig. Dit blyk dat daar in die Afrikaanse literatuurwetenskap en -kritiek, asook in die resente debat oor fokalisering in oorsese tydskrifte nie altyd duidelik tussen Genette en Bal se gebruike van die term onderskei word nie.

Genette

Fokalisering het by Genette te make met die regulering van informasie. In sy hoofstuk oor "Mood" in *Narrative Discourse* onderskei hy twee wyses waarop dit gedoen kan word: "... one can tell *more* or tell *less* what one

tells, and can tell it *according to one point of view or another*" (1980: 161-2).

"Afstand" en "perspektief" is vervolgens

> the two chief modalities of that *regulation of narrative information* that is mood - as the view I have of a picture depends for precision on the distance separating me from it, and for breadth on my position with respect to whatever partial obstruction is more or less blocking it.
>
> (Genette 1980: 162)

"Narratiewe perspektief" het volgens hierdie beeld te make met die uitblok van 'n deel van die prentjie. Die informasie aan die leser deurgegee, kan naamlik gereguleer, oftewel ge-"fokaliseer" word, deur dit te beperk tot een van die karakters se "point of view".

Waar daar geen sodanige beperking is nie, praat Genette (1980: 189) van 'n "nonfocalized narrative", of van "zero focalization". Wanneer daar wel 'n beperking is op die informasie wat aan die leser deurgegee word, vind interne of eksterne fokalisering plaas. Interne fokalisering beperk die gesigsveld tot dié van een of meer karakters. Eksterne fokalisering beperk die gesigsveld tot dié van 'n instansie wat die held van buite waarneem (sodat ons bv. nie van sy/haar gevoelens of gedagtes vertel word nie). Wanneer daar wel gefokaliseer word, word die hele prentjie, met ander woorde, nie gegee nie, en, andersom, wanneer die hele storie vertel word, is die fokalisering nul.

Genette illustreer aan die hand van Proust se *Remembrance of Things Past* waarin die skrywer Marcel die Baron de Charlus beskryf soos wat hy hom as adolessent gesien het:

> I saw a man of about forty, very tall and rather stout, with a very dark moustache, who, nervously slapping the leg of his trousers with a switch, kept fastened upon me a pair of eyes dilated with observation.
>
> (Genette 1980: 194)

Informasie wat die ouer skrywer omtrent Charlus het, word nie aan die leser verstrek nie - die beskrywing word tot dit wat hy as naïewe jongeling opgemerk het, beperk. Die ouer verteller fokaliseer deur die jong seun.

Teenoor "focalization through" (interne fokalisering) praat Genette van "focalization on" (eksterne fokalisering) - soos wat mens kan fokus *deur* 'n lens of *op* 'n voorwerp. Terwyl die verteller in Proust *deur* die jong Marcel fokaliseer, fokaliseer hy terselfdertyd *op* die Baron de Charlus. Dit is bloot vanweë Marcel se status as held van die roman dat mens hier eerder van interne as eksterne fokalisering sou praat. Beide kom op dieselfde neer: dat

sekere informasie omtrent Charlus voorlopig deur die verteller van die leser weerhou word.

Sodanige fokalisering lewer in Proust se werk 'n

> list of episodes (first meeting with Gilberte, false confession of Albertine, incident of the syringas, etc.) whose real significance will not be discovered by the hero - and with him by the reader - until long after.
>
> (Genette 1980: 201)

Rigiede fokalisering lei daartoe dat

> homosexuality, for example ... will remain for the reader as for the hero, until the opening pages of *Sodome*, a continent one-hundred times met but never recognized.
>
> (p. 200)

Vergelyk ook die volgende voorbeelde van beperking van informasie wat vir Genette 'n simboliese betekenis in die *Recherche* verkry:

> Swann in front of the window which he takes for Odette's, able to see nothing between the "slanting bars of the shutters", but only to hear, "in the silence of the night, the murmur of conversation"; Marcel at Montjouvain, witness through the window of the scene between the two young women but unable to make out Mlle. Vinteuil's look or hear what her friend murmurs in her ear, and for whom the scene will stop when she comes, seeming "weary, awkward, preoccupied, sincere, and rather sad", to close the shutters and the window; Marcel again, spying from the top of the staircase, then from the neighboring shop, on the "conjunction" of Charlus and Jupien, the second part of which will be reduced for him to a purely auditory perception; Marcel still, coming unexpectedly on Charlus's flagellation in Jupien's male bordello via a "small oval window opening onto the corridor" .... [t]hese acrobatic indiscretions, with their so marked restrictions of field, attest to the difficulty the hero experiences in satisfying his curiosity and in penetrating into the existence of another. Thus they are to be set down to internal focalization.
>
> (1980: 204-5)

Vir Genette is fokalisering dus die regulering van informasie - die uitblokkering van sekere gegewens sodat die hele prentjie nie sigbaar is nie. 'n Verteller fokaliseer deur 'n karakter soos wat mens deur 'n venster of loergat na 'n toneel kyk - die visie word beperk; daar is dinge wat nie gesien word nie.

Mieke Bal

In haar boek *De theorie van vertellen en verhalen* (1980) sê Mieke Bal dat

sy die term *fokalisering* (oftewel "focalisatie") aan Genette ontleen:

> Genette (1972) introduceerde (de term) in een betekenis, die in principe gelijk is aan de hier bedoelde betekenis, ook al is de theorie waar het concept bij hem een plaats in heeft, een andere dan de theorie die hier uiteengezet wordt.
>
> (Bal 1980: 110)

Hierdie stelling van Bal, dat haar gebruik van die term "in principe gelijk" is aan dié van Genette, is m.i. misleidend aangesien dit binne haar teorie 'n heeltemal ander betekenis verkry. Kyk mens na Bal se definisie van fokalisering as "de relatie tussen de gepresenteerde elementen en de visie van waaruit deze worden gepresenteerd" (1980: 108), blyk die verskil al dadelik uit die wyse waarop sy dit as 'n "relatie" definieer. Waar fokalisering by Genette bloot die beperking van informasie - watter elemente gepresenteer word en watter nie - behels, word by Bal die verdere kwessie van die verhouding tussen sodanige presentasie en die "visie van waaruit" dit gepresenteer word, ook betrek. Die feit dat Genette se fokalisering, soos enige beperking van informasie, 'n keuse impliseer wat van die visie van die fokaliserende instansie getuig, is nie iets wat Genette sou ontken nie - dit is egter vir hom 'n addisionele gegewe wat hy nie binne die bereik van die term *fokalisering* wil laat val nie.

Die beperking van informasie in 'n narratief is naamlik objektief bepaalbaar: 'n mens weet immers dat iets op een plek in 'n verhaal verhul is as dit op 'n latere stadium wel onthul word (of as daar spesifiek aangedui word dat iets verhul word). Die "visie" van die presenteerder (die "visie" van Proust se meer ervare verteller wat aanvanklik net aan die leser vertel wat die naïewer jong Marcel kon raaksien), is 'n verdere gegewe wat die leser self moet interpreteer. In hierdie verband waarsku Genette dan ook:

> ... we should not confuse the *information* given by a focalized narrative with the *interpretation* the reader is called on to give of it (or that he gives without being invited to).
>
> (1980: 197)

Waar Genette die term *fokalisering* dus tot die vlak van die objektief bepaalbare "*information* given" wil beperk, blyk dat Bal, wanneer sy praat van die "visie van waaruit" dit gepresenteer word, heel duidelik die "*interpretation* the reader is called on to give of it" by die betekenis van die term betrek. Vergelyk haar bespreking van 'n voorbeeld wat sy by Genette oorneem:

> In Henry James' *What Maisie knew* berust de focalisatie vrijwel uitsluitend bij Maisie, een klein meisje dat niet veel begrijpt van de relatieproblemen die zich om

> haar heen voordoen .... Waar Maisie slechts een vreemd gebaar ziet, weet de lezer wel dat hij te maken heeft met een erotisch gebaar. Het verschil tussen de kinderlijke visie op de gebeurtenissen, en de interpretatie die een volwassen lezer aan die gebeurtenissen zal hechten, bepaalt het bijzondere effect van de roman.
>
> (Bal 1980: 111)

Dit is nie net die volwasse leser se interpretasie van die gebeure wat hier 'n interpretasie is nie - ook die kinderlike visie daarvan is iets wat die leser self uit die gepresenteerde informasie rekonstrueer, oftewel interpreteer.

Wanneer Bal van Maisie se kinderlike visie praat, is dit onder andere ook om haar stelling te illustreer dat "zo 'n personage-gebonden focalisator ... heeft tot gevolg *partijdigheid* en *beperking*" (1980: 111). So word die betekenis van Genette se term uitgebrei om naas *beperking* ook die *partydigheid* van die "fokalisator" te betrek - 'n gegewe wat eweneens bykomstig tot Genette se nosie van fokalisering is.

Die saak word verder gekompliseer deurdat Bal ook nog 'n heeltemal ander fokaliserende instansie as Genette in gedagte het. By Genette is dit duidelik die verteller wat die fokaliseerder is, want die verteller besluit om belangrike informasie voorlopig te weerhou of nie. By Bal is die "fokalisator" egter "het punt van waaruit de elementen worden gezien" (1980: 110). Dit kom ooreen met die punt *waardeur* die verteller volgens Genette fokaliseer. In terme van Bal se skema: "A vertelt dat B ziet wat C doet", berus fokalisering vir haar by B wat sien, en nie soos vir Genette by A wat vertel, en besluit dat hy net gaan sê wat B gesien het nie. Vir Genette berus dit by die ouer verteller (A) wat oor meer informasie beskik maar slegs vertel wat die jonger Marcel (B) sien van die Baron de Charlus (C). Waar Genette sou praat van die verteller A wat *deur* B fokaliseer *op* C, praat Bal van die fokalisator B wat vir C fokaliseer. B het volgens Bal die "visie van waaruit" C gefokaliseer word. Bal het dus die instansie wat fokaliseer van die verteller na 'n karakter in die verhaal verskuif.

Bal se nosie van die fokalisator is dan ook iets wat Genette in 'n latere werk uitdruklik verwerp. In *Narrative Discourse Revisited* (1988) stel hy dit duidelik dat dit nie met sy benadering versoenbaar is nie:

> Mieke Bal seems to have - and sometimes to attribute to me - the idea that every narrative statement includes a *focalizer* (character) and a *focalized* (character) .... I find it quite difficult to enter into this argument, for in her statement of my position, Mieke Bal introduces ideas (*focalizer, focalized*) I never thought of using because they are incompatible with my conception of the matter.
>
> (Genette 1988: 72-3)

'n Konsekwensie van die wyse waarop Bal (1980: 117; 1981) haar eie be-

tekenis aan *fokalisering* gee, is die wyse waarop haar fokalisering ingebed kan word. Hierdie inbedding is moontlik omdat dit vir Bal gaan om die verskillende sienings van verskillende karakters wanneer sy van fokalisering praat. Dit is naamlik volgens haar benadering heel logies dat A nie net 'n siening kan hê van B nie, maar ook 'n siening van B se siening van C, ensovoorts. 'n Mens sou selfs kon praat van A se siening van B se siening van A (se siening van B, ensovoorts). Sienings of interpretasies kan so in mekaar ingebed word, maar nie die beperking van informasie nie. Dit is byvoorbeeld nie sinvol om te praat van die verteller A se beperking van 'n karakter B se beperking van die informasie wat deur 'n verdere karakter C ontdek word, volgens Genette se benadering nie. "An embedding of looks, if one wishes, in a sense already very metaphorical (obviously!), but not of focalizations", is dan ook Genette se reaksie op hierdie punt (1988: 76).

Dit is dus duidelik dat Genette en Bal twee verskillende, komplementêre funksies in gedagte het wanneer hulle van fokalisering praat. Wat Genette onder fokalisering verstaan, blyk dit te wees wat Bal met die term *spanning* ondervang (Bal 1980: 119-121). As mens na een van Genette se pertinente voorbeelde kyk - die fokalisering van die Baron de Charlus deur die oë van die jong Marcel sodat "homosexuality ... will remain for the reader as for the hero, until the opening pages of *Sodome*, a continent one-hundred times met but never recognized" (Genette 1980: 200) - dan blyk *spanning* egter nie 'n heeltemal toereikende term te wees nie.

Rimmon-Kenan

Ook Rimmon-Kenan neem die term *fokalisering* by Genette oor:

> The story is presented in the text through the mediation of some "prism", "perspective", "angle of vision" verbalized by the narrator but not necessarily his. Following Genette (1972), I call this mediation "focalization".
>
> (1983: 71)

Vanuit die staanspoor val die verskil tussen haar en Genette se gebruike van die term op. Die prisma, perspektief en "angle of vision" waarvan Rimmon-Kenan praat, is juis die visuele metafore wat Genette probeer vermy wanneer hy die term *fokalisering* introduseer:

> To avoid the too specifically visual connotations of the terms *vision*, *field* and *point of view*, I will take up here the slightly more abstract term *focalization* which corresponds, besides to Brooks's and Warren's expression, "focus of narration".
>
> (Genette 1980: 189)

Die "focus of narration" waarmee Genette se term korrespondeer, het soos hy telkemale herhaal, bloot te make met die beperking van informasie. 'n Mens sou Genette se keuse van die spesifieke term *fokalisering* kon kritiseer as synde ietwat misleidend omdat dit (ten spyte van die feit dat dit meer abstrak as *vision*, *field* of *point of view* mag wees) nogtans as 'n optiese metafoor gelees kan word wat meer as net (of selfs iets anders as) die beperking van informasie suggereer. Dit is ook net mooi wat Rimmon-Kenan dan, in weerwil van Genette se motivering, gaan staan en doen:

> It seems to me, however, that the term "focalization" is not free of optical-photographic connotations, and - like "point of view" - its purely visual sense has to be broadened to include cognitive, emotive and ideological orientation.
>
> (Rimmon-Kenan 1983: 71)

In haar gebruik van die term *fokalisering* sluit Rimmon-Kenan haar vervolgens by Bal aan. Sy praat nes Bal van 'n fokalisator: "The narrator is Pip, the adult, while the focalizer is Pip, the child" (1983: 73). Fokalisering is vir haar dan ook nie (soos vir Genette) bloot die beperking van informasie nie, maar "the perception through which the story is rendered" (1983: 74). Vergelyk een van haar voorbeelde uit Joyce se *Araby*:

> In this narrative, an adult narrator tells about himself as a child of an unspecified age. His language is sometimes "coloured" by his perceptions at the time of narration (external focalization), sometimes by those of his younger self (internal focalization), and sometimes remains ambiguous between the two. A sentence like "I had never spoken to her, except for a few casual words, and yet her name was like a summons to all my foolish blood" (p. 28) *betrays* the adult narrator as focalizer *through the evaluative adjective* "foolish".
>
> (Rimmon-Kenan 1983: 83, my kursivering)

Dit gaan vir Rimmon-Kenan nie oor die weerhouding van informasie waaroor die ouer verteller beskik deurdat bloot die jonger kind se waarnemings gegee word (soos in Genette se voorbeeld uit Proust) nie; dit gaan eerder om die wyse waarop die vertelling gekleur word deur die ouer verteller se agterna-perspektief. Dit wat Rimmon-Kenan illustreer is geldig, maar dit is heeltemal iets anders as dit waarvoor Genette die term *fokalisering* gebruik.

Hier ter plaatse

Daar is getoon hoedat Bal en Rimmon-Kenan, Genette se term *fokalisering* oorneem en hul eie betekenis daaraan gee. 'n Mens sou dus Genette se ge-

bruik van die term van dié van Bal en Rimmon-Kenan moet onderskei. Hierdie onderskeid word nie altyd deur Afrikaanse literatuurteoretici gemaak nie.

In haar boek *Verhaalteorie in die twintigste eeu* (1986) skryf Heilna du Plooy: "Bal se term fokalisasie is dieselfde as dié van Genette, maar sy plaas hierdie begrip op 'n ander plek in haar teorie" (1986: 283). As 'n mens kyk hoe sy self die term in haar slothoofstuk gebruik, blyk dat sy Bal se gebruik van die term benut: "In 'Die kêrel van die Pêrel' is die verteller die belangrikste fokalisator. Dit is die verteller wat die gebeure ondersoek, interpreteer en beskryf" (1986: 365). Du Plooy gebruik Bal se term *fokalisator* en by implikasie kan nie net die verteller (hier die "belangrikste fokalisator") nie, maar ook 'n karakter dit wees. Fokalisering het dan ook te make met die wyse waarop die gebeure geïnterpreteer word eerder as die wyse waarop informasie beperk of uitgestel word.

In sy boek *Vertelkunde* (1987) sluit André P. Brink hom by Rimmon-Kenan se gebruik van die term *fokalisering* aan terwyl hy, anders as Rimmon-Kenan, hom van die "Ballerige term" *fokalisator* distansieer. "Hiervoor moet mens Genette goed begryp," skryf hy ter verduideliking van die vertelteks sonder fokalisering:

> Anders as Bal (wat hom klaarblyklik misgelees het: die bal skoon misgeslaan het?), sien Genette fokalisering as *'n strategie van die teks self*, nie as sodanig gekoppel aan 'n "instansie" nie. Kortom: "The story is presented in the text through the mediation of some 'prism', 'perspective', 'angle of vision', verbalised by the narrator though not necessarily his" (Rimmon-Kenan 1983: 71). In die mate waarin daar sprake is van 'n "fokalisator", het dit betrekking op die instansie wat die *teks* fokaliseer (oftewel die verteller).
>
> (Brink 1987: 140)

Brink het inderdaad Genette goed gelees sover dit die fokaliserende instansie betref. Hy praat dan ook van 'n "waarnemingspunt" in plaas van 'n "fokalisator".

Ek wil egter argumenteer dat Brink nie vir Genette ewe goed lees as hy Rimmon-Kenan se omskrywing van fokalisering in terme van "some 'prism', 'perspective', 'angle of vision'" oorneem nie. Soos Rimmon-Kenan benut hy die feit dat Genette se term *fokalisering* metafories op meer as net die beperking van informasie kan dui om dit 'n ander kant op te stuur. In plaas van 'n indikator van die beperking van informasie, word die term by Brink sinoniem met perspektief:

> Eintlik is "fokalisering" nie 'n gelukkige woordkeuse nie, omdat dit so 'n oorheersend visuele konnotasie dra, terwyl Genette juis in sy opvolgstudie

> benadruk: "Anders as die filmmaker, is die romansier nie verplig om sy kamera êrens neer te sit nie: hy het nie 'n kamera nie" (Genette 1983: 49). Selfs (en juis) wanneer ons, soos hierbo, die begrip uitbrei van "*om te sien*" na "om waar te neem", raak dit wollerig. *Perspektief* sou 'n veel akkurater term wees.
>
> (Brink 1987: 138-9)

Myns insiens word Brink self deur die visuele konnotasie van die woord *mislei* wanneer hy soos Rimmon-Kenan van fokalisering as 'n soort prisma, perspektief of "angle of vision" praat. As hy 'n bietjie verder op dieselfde bladsy van Genette se genoemde opvolgstudie sou lees, sou hy in net die volgende paragraaf sien:

> Par focalisation, j'entends donc bien une restriction de "champ", c'est-à-dire en fait une sélection de l'information narrative .... L'instrument de cette (éventuelle) sélection est un *foyer situé*, c'est-à-dire une sorte de goulot d'information, qui n'en laisse passer que ce qu'autorise sa situation: Marcel sur son talus derrière la fenêtre de Montjouvain.
> [By focalisation I mean therefore a restriction of "field", i.e. a selection of narrative information .... The instrument of that (eventual) selection is a situated focus/foyer, i.e. a kind of bottleneck of information that lets through only that which the situation allows: Marcel on his perch behind the window of Montjouvain.]
>
> (Genette 1983: 49, my vertaling)

Hier maak Genette dit immers weer eens duidelik dat dit om 'n *beperking* van informasie gaan - om 'n soort bottelnek wat net sekere gegewens deurlaat en nie ander nie, soos wat Marcel net sekere dinge deur die venster kan raaksien en ander nie.

Dit is heeltemal iets anders wat Brink in gedagte het as hy vervolgens fokalisering met Chatman se term "point of view" gelykstel en o.a. konsepsuele fokalisering onderskei. "Konsepsuele fokalisering" het naamlik betrekking op die waarnemer se "houding, sy begrip, sy (ideologiese) manier van dink: 'Marie het Jan se optrede as laakbaar beskou'" (Brink 1987: 139). Brink volg hier duidelik Rimmon-Kenan se definisie van fokalisering en nie Genette s'n nie. Die voorbeelde wat Brink van verskillende soorte fokalisering gee, is insgelyks almal treffende voorbeelde van hoe daar met perspektief gespeel kan word (dit is immers hoe Brink die term definieer) en nie van die soort beperking van informasie wat Genette in gedagte gehad het nie. 'n Mens wonder hoekom Brink aan die een kant (saam met Genette) Bal se term *fokalisator* verwerp omdat dit sake "personaliseer" (Brink 1987: 144), terwyl hy aan die ander kant soos Bal en Rimmon-Kenan 'n persoonlike houding, begrip en (ideologiese) manier van dink aan die "fokaliseringspunt" soos hy dit dan noem (Marie wat Jan se optrede as laakbaar beskou) koppel?

In sy bydrae oor "Fokalisasie" in Cloete (1992) se *Literêre terme & teorieë* maak L.S. Venter geen onderskeid tussen die wyses waarop Genette, Bal en Rimmon-Kenan die term gebruik nie. Daar word na al drie verwys asof hulle uit een mond praat. Vergelyk sy openingsin:

> Die begrip *fokalisasie* wil verduidelik dat die instansie wat in 'n epiese teks vertel (die verteller), nie dieselfde hoef te wees as die instansie wat sien nie (die waarnemer of fokalisator; vgl. Genette, 1980: 189 e.v.).
>
> (Cloete 1992: 133)

Genette praat geensins van 'n *fokalisator* soos die verwysing in hierdie aanhaling mens sou kon laat dink nie. Wat Venter in sy artikel verduidelik en met voorbeelde illustreer, is Bal se gebruik van die term *fokalisering*. Hy toon geen bewustheid dat dit van Genette se gebruik van die term verskil nie, ten spyte van die feit dat sy bibliografie Genette (1983) se opvolgwerk aangee waarin hy hom uitdruklik van Bal se gebruik van die term en spesifiek van die term *fokalisator* distansieer.

Dieselfde teoretiese onnoukeurigheid vind mens in 'n onlangse resensie deur Ena Jansen van Klaas Steytler se *Toe die wêreld nog anders en ek nog jonk was* (1994). Sy praat in Bal se terme van een van die karakters as fokaliserende instansie:

> Die uiterstes van droogte en armoede word tegelykertyd oordryf én gerelativeer deur die feit dat 'n kind as fokaliseerder in die boek optree. Die term fokaliseerder (bekendgestel deur Genette en verder uitgewerk deur Mieke Bal) is in *Toe die wêreld nog anders en ek nog jonk was* beslis nuttig om 'n verskil te maak met die verteller. Die verteller is naamlik duidelik 'n ouer persoon wat terugkyk na sy jeugjare en wat dus 'n oorskouende agternaperspektief het.
>
> (Jansen 1994: 94)

Genette praat nêrens van 'n karakter as 'n "fokalisator" òf "fokaliseerder" nie omdat dit by hom altyd die verteller (of anders die skrywer) is wat fokaliseer. Dit is eenvoudig foutief ('n kontaminasie met Bal?) om te sê dat Genette die term *fokaliseerder* in hierdie sin introduseer. Soos hy dit self in sy opvolgwerk stel:

> For me, there is no focalizing or focalized character. *Focalized* can be applied only to the narrative itself, and if *focalizer* applied to anyone, it could only be the person who *focalizes the narrative* - that is, the narrator, or, if one wanted to go outside the conventions of fiction, the *author* himself.
>
> (Genette 1988: 73)

Bottelnekke en filters

As mens jou die vraag afvra wáárom Bal en Rimmon-Kenan se gebruik van die terme *fokalisering* en *fokalisator* so gewild geword het, dan is dit waarskynlik omdat dit aan 'n behoefte onder kritici voorsien. Die karakter waardeur daar, volgens Genette gefokaliseer word, se eie "point of view" in die sin van sy/haar houding, begrip, "ideologie" of manier van dink is nie iets waarvoor Genette se skema voorsiening maak nie. Hy beperk hom op tipies strukturalistiese wyse tot die tegniese aspek van die narratief (die grammatika en sintaksis daarvan). Dit is immers in 'n tegniese sin dat hy die terme *mood* en *voice* as metafore vir narratologiese kategorieë gebruik. In dié verband is sy slotopmerking oor fokalisering weer eens van belang:

> ... we should not confuse the *information* given by a focalized narrative with the *interpretation* the reader is called on to give of it (or that he gives without being invited to). It has often been noted that Maisie sees or hears things that she does not understand but that the reader will decipher with no trouble.
>
> (Genette 1980: 197)

Die leser se interpretasie val naamlik buite die bereik van Genette se narratologie. Die wyse waarop Maisie se siening van sake nie net beperk is nie, maar 'n sekere houding, begrip of ideologie weerspieël, dus ook. "Narrative always says less than it knows, but it often makes known more than it says" is Genette (1980: 198) se slotwoorde in dié verband. Daar is 'n meerwaarde wat betref "point of view" wat buite die bereik van Genette se term *fokalisering* val.

'n Mens moet byvoeg dat die toeskryf van 'n houding, begrip of "ideologie" aan 'n karakter nie onproblematies is nie. Wat 'n karakter doen, sê of sien, is altyd dit wat die verteller hom/haar laat doen, sê of sien. Ten spyte van die leser se "willing suspension of disbelief" het g'n karakter enige houding, siening of ideologie wat onafhanklik van dié van die verteller (of die teks) of dié van die leser is nie - net soos 'n marionet g'n houding of siening het wat die poppespeler nie aan hom gee, en die gehoor nie aan hom toeskryf nie. Dit is 'n spesifiek idealistiese nosie van ideologie wat dit met die siening of visie van 'n persoon - laat staan nog 'n karakter in 'n verhaal - sal gelykstel. Bal en Rimmon-Kenan se nosie van die fokalisator met sy/haar eie siening, visie of "ideologie" plaas hulle dus duidelik binne die idealistiese kader van die idealisme-materialisme-debat.

Indien mens sou reken dat die karakter se houding, begrip, ens. wat buite die bereik van Genette se term *fokalisering* val, nietemin (problematies soos wat dit ook mag wees) iets is waaroor dit die moeite werd is om te praat,

sou jy kon argumenteer dat dit nogtans 'n term regverdig. Dan is dit egter jammer dat Bal, Rimmon-Kenan en andere juis Genette se term *fokalisering* daarvoor gebruik. 'n Mens sou dan eintlik twee terme benodig: *fokalisering à la Genette* en *fokalisering à la Bal*. *Perspektief* (in 'n meer algemene sin as waarin Genette die term gebruik) sou, soos Brink (1987: 139) voorstel, vir die laasgenoemde 'n veel akkurater term wees.

Ook dit kan egter tot probleme lei, aangesien *perspektief* maklik in 'n nie-tegniese sin gebruik kan word. Die term *filter* wat Seymour Chatman (1986) voorstel as alternatief vir *fokalisering* sal myns insiens goed dien as plaasvervanger vir *fokalisering* in die sin waarin Bal die term gebruik. Chatman definieer die term soos volg:

> The narrator can elect to tell a part or the whole of a story *neutrally* or "from" or "through" one or another character's *consciousness*. This function should I think be called "filter".
>
> (Chatman 1986: 196, my kursivering)

Hierdie definisie van *filter* in terme van die karakter se partydige *consciousness* pas mooi by Bal se gebruik van *fokalisering* wat te make het met die wyse waarop die karakter se siening of houding die gegewe kleur. Dit kontrasteer dan ook netjies met die wyse waarop Genette self later sy eie gebruik van die term *fokalisering* as synde die regulering of terughou van informasie verder probeer presiseer as

> un *foyer situé*, c'est-à-dire une sorte de goulot d'information, qui n'en laisse passer que ce qu'autorise sa situation: Marcel sur son talus derriere la fenêtre de Montjouvain.
> [a situated focus/foyer, i.e. a kind of bottleneck of information that lets through only that which the situation allows: Marcel on his perch behind the window of Montjouvain.]
>
> (Genette 1983: 49, my vertaling)

Die nuwe metafoor *goulot* wat Genette hier gebruik - 'n bottelnek wat vir eers net sekere informasie deurlaat en ander terughou tot later is myns insiens 'n verbetering op *fokalisering*. Dit vermy veel beter die visuele konnotasie wat Genette juis met sy introduksie van die term *fokalisering* (helaas onsuksesvol) probeer verhoed het. As mens Genette en Bal se onderskeie gebruike van die term *fokalisering* met *bottelnek* en *filter* vervang, kan heelwat van die verwarring in die onlangse debat oor fokalisering opgeklaar word.

Die resente debat

Die debat in oorsese artikels oor fokalisering word nie net gekenmerk deur 'n "Genette-groep" en 'n "Bal-groep" soos Marais (1993) dit stel nie, maar ook deur 'n gebrek aan onderskeid oor wie se term gebruik word wanneer daar oor "fokalisering" gepraat word.

In die aanvanklike reaksies op Bal se teorie deur Bronzwaer (1979) en Van Buuren (1979) geld hierdie beswaar nie sodanig nie. Bronzwaer aanvaar Bal se gebruik van die term *fokalisering* as onproblematies en as 'n "correctie op Genette" (1979: 458). Hy, en ook Van Buuren, neem Bal se definisie as uitgangspunt om op inkonsekwensies in haar teorie te wys.

Berendsen (1984) verwar egter filters en bottelnekke wanneer sy met Genette se zero-fokalisering fout vind:

> Genette's external and internal focalization (a distinction based on the criterion of knowledge that may or may not be shared by narrator (!) and character) cover more or less Bal's focalization by primary focalizor and embedded focalization. The problem is that Genette's zero focalization is not a separate category but a mixture of internal and external focalization .... The *term* zero focalization (or "non-foclisé") is a *contradictio in terminis* since any text fragment contains focalization. By definition any telling of a story implies both narration and focalization. Therefore, this notion is completely redundant.
>
> (Berendsen 1984: 141)

Dis slegs wanneer mens van filters praat dat "zero-fokalisering" 'n *contradictio in terminis* word en dat mens daaraan sou dink om 'n uitroepteken te plaas agter die idee dat verteller en karakter kennis deel - as mens daarenteen van 'n bottelnek van informasie praat, is dit wél sinvol om van zero-fokalisering, oftewel géén terughou van informasie deur die verteller nie, te praat. Geen bottelnek ("non-focalisé") is dan ook duidelik onderskeibaar van gevalle waar informasie wel (hetsy deur interne of eksterne fokalisering) beperk word. Berendsen besef klaarblyklik nie dat Genette en Bal hier van twee heeltemal verskillende dinge praat nie. Dit is 'n growwe fout om Genette se eksterne en interne fokalisering min of meer met Bal se primêre en ingebedde fokalisering gelyk te stel.

Ook Chatman (1986) aan wie ons die gelukkiger term *filter* te danke het, sien ook nie die verskil tussen Genette en Bal se gebruike van *fokalisering* behoorlik raak nie. Wanneer hy *filter* as alternatief tot *fokalisering* voorstel, praat hy soos Bal van fokalisering as 'n funksie van hoe daar deur 'n karakter gesien word, en nie van die wyse waarop die verteller informasie terughou nie. Verkeerdelik skryf hy dan hierdie gebruik van die term aan beide Genette en Bal toe:

> Mieke Bal is even more committed than Genette to the idea that focalization *always* occurs, that someone always "sees" the events that transpire in the story
> (Chatman 1986: 95)

Dit is 'n siening wat, soos in die geval van Berendsen hierbo, in konflik verkeer met Genette se onderskeiding van zero-fokalisering. Fokalisering het vir Chatman ook duidelik te make met hoe 'n *karakter* sien. Dit is omdat die filter wat hy benoem eerder met Bal se gebruik van *fokalisering* ooreenkom dat hy nie Genette se begrip van 'n fokaliserende verteller sinvol vind nie:

> ... we should not use a term devised to represent the character's mediating function - whether "point of view" or "focalization" - to refer to the narrator's role.
> (1986: 195)

Om dieselfde rede vind hy Genette se eie presisering van sy term *fokalisering* in terme van 'n *foyer situé* en "still another metaphor, that of the neck of a bottle, *goulot*," ontoereikend:

> *Goulot* seems even less adequate than *foyer* as a cover term, since it does not evoke the sense of "center" at all. It is much like "lens": the rays of light passing through a lens are like wine that passes through the neck of a bottle.
> (Chatman 1986: 200)

Bottelnek is weliswaar nie 'n toereikende metafoor vir dit wat Chatman deur *filter* wil aandui (Bal se gebruik van fokalisering) nie; dit is wel 'n nuttige metafoor om Genette se gebruik van *fokalisering* van Chatman se *filter* te onderskei. Die bottelnek verander nie die smaak of geaardheid van die wyn wat daardeur passeer soos wat 'n filter 'n ander kleur gee aan die wêreld wat daardeur gesien word nie. 'n Filter hou weer nie sekere informasie terug soos 'n bottelnek wat nie alles gelyk deurlaat nie. Juis omdat 'n verteller vir beide doeleindes van vertelling deur 'n spesifieke karakter kan gebruik maak - eerstens, omdat hy sekere gegewens wat die karakter nie sou weet nie voorlopig wil terughou, en tweedens, omdat hy die gegewens wat wel vertel word deur die karakter se siening of houding wil laat kleur - is dit nuttig om tussen die twee te kan onderskei. Wat Bal verstaan onder "fokalisering" en wat Chatman met die term *filter* aandui, is dus 'n welkome toevoeging tot die narratologie en behoort nie gesien te word as 'n vervanging van die funksie wat Genette met sy gebruik van die terme *fokalisering* en *goulot* aandui nie.

Bronzwaer, Van Buuren, Berendsen en Chatman neem almal uiteindelik Bal se gebruik van *fokalisering* oor. Hulle praat, wanneer hulle dié term

gebruik, van filters en nie van bottelnekke nie en Berendsen en Chatman meen verkeerdelik dat dit is wat Genette ook doen. Moore, in *What Maisie Knew* (1989: 3-24), praat weer van bottelnekke en filters deurmekaar. Haar gebruik van die term *fokalisering* sluit aanvanklik by Genette s'n aan as sy praat van die "fixed internal focalization" - sy praat oor die wyse waarop die verteller sy informasie beperk tot net dit wat die karakter Maisie weet en lewer (heel tereg) vanuit hierdie posisie kritiek op Bal en Rimmon-Kenan se herdefiniëring van die term. Wanneer sy egter kritiek op Genette self begin lewer, vind mens dat haar gebruik van die term verskuif na dié van Bal omdat sy fokalisering met die karakter se *visie* in verband bring. Haar kritiek op Genette, dat die wysigings van fokalisering meer gevariëerd is in *What Maisie Knew* as wat Genette te kenne wil gee, berus daarop dat sy soos Bal oorgange van een karakter se visie na 'n ander aandui om die "polifocalized" aard van die teks te illustreer. "Focalization is in effect a kind of 'quoted vision'" (1989: 10) som sy, met verwysing na o.a. Bal en Rimmon-Kenan, op. Haar kritiek op Genette is dus 'n pseudo-kritiek: sy bied 'n weliswaaar geldige illustrasie van die werking van filters, wat egter geensins geldige kritiek is op die wyse waarop Genette van bottelnekke praat nie.

Edmiston maak wel 'n duidelike onderskeid tussen Genette en Bal se gebruike van die term *fokalisering*:

> *Focalisation* is defined by Genette as a restriction imposed on the information provided by a narrator about his characters .... In the terminology of Mieke Bal, internal and external focalization refer instead to the intra- or extradiegetic locus of the focaliser.
>
> (Edmiston 1989: 729)

'n Mens sien egter dadelik 'n afwyking van Genette se gebruik van die term wanneer Edmiston praat van "information *provided* ... about his characters" (my kursivering) in plaas daarvan dat daar deur 'n karakter gefokaliseer word om informasie (oor iets anders) te *beperk*. Edmiston koppel verder 'n nosie van toegang tot die sielkunde van die betrokke karakter aan Genette se gebruik van *fokalisering* wat glad nie daarby pas nie. Hy praat van "psychological penetration" (1989: 729) en verduidelik Genette se zero-fokalisering as volg:

> A nonfocalized text, or zero focalization, means that the narrator is unlimited spatially and unrestricted in psychological access to the characters.
>
> (1989: 730)

In die geval van interne fokalisering sou die verteller dan toegang tot die

psige van die karakter hê, maar nie in die geval van eksterne fokalisering nie. Hierdie sielkundige dimensie wat Edmiston by Genette se gebruik van die term *fokalisering* voeg, lei tot 'n herdefiniëring van die term:

> The verb *to focalize* will mean "to be the subject of a perception" as in "The narrator allows his younger self to focalize a certain event".
>
> (Edmiston 1989: 739)

Volgens Genette se gebruik van die term, sou dit die verteller wees wat deur sy jonger self fokaliseer, en nie die verteller wat sy jonger self toelaat om dit self te doen soos in Edmiston se definisie nie. Die fokaliseringsfunksie word dus, soos by Bal, vanaf die verteller na die karakter verskuif.

Hierdie wysiging van Genette se benadering, lei tot 'n skynbare kontradiksie wanneer Edmiston die fokaliseringsfunksie (wat nou ook soos by Bal aan 'n karakter kan behoort) losmaak van die wyse waarop die verteller die deurgee van informasie manipuleer. Vergelyk die volgende:

> Genette (1983) states explicitly that external focalization can occur (albeit rarely) even in homodiegetic narration, when the narrator is also the hero, so long as his own mental activity is not revealed. As examples of this phenomenon Genette (ibid.: 83-85) cites the monologue of Benjy in Faulkner's *The Sound and the Fury*, Hammett's *Red Harvest*, and Camus's *L'Etranger*. Genette's position here represents a contradiction of his own terms. A distinction must be made between what the narrator can perceive and what he chooses to reveal, and the latter does not concern focalization.
>
> (1989: 731)

Dit is nie by Genette dat die kontradiksie lê nie, maar eerder by die wyse waarop Edmiston Genette se *fokalisering* mislees asof dit juis nie met 'n bottelnek - die terughou van informasie of "what the narrator chooses to reveal" - te make sou hê nie. Edmiston se revisie van die teorie oor fokalisering blyk dus gebaseer te wees op 'n wanopvatting oor Genette se gebruik van die term.

Seker die helderste bydrae tot die fokalisering-debat is dié van William Nelles. Hy probeer, na aanleiding van die uitgebreide debat oor die term, 'n duideliker beskrywing gee van Genette se model van fokalisering aangesien

> it seems to me most of these critics have misanalysed certain key aspects of Genette's original conception of focalization and that as a result their discussions are based on, and sometimes compromised by, a set of false premises about it.
>
> (Nelles 1990: 365)

Nelles stipuleer heel duidelik dat dit vir Genette gaan om die hoeveelheid informasie oorgedra:

> The only question to be resolved in the determination of focalization is how much the narrator tells the narratee about the story in relation to the character's knowledge about the story.
>
> (1990: 366)

'n Wysiging op Genette se model wat hy voorstel, is dat 'n term vir die karakter deur wie die verteller fokaliseer, nodig is:

> Genette's position that "there is no focalizing or focalized character (1988: 73; 1983: 48), while theoretically sound, will invite further misreading unless modified. I think that critics have been led into applying these labels to characters simply because there is no specific term for the character involved in any given relationship of focalization.
>
> (1990: 368)

Hy het duidelik 'n Genettiaanse teenhanger vir Bal se *fokalisator* in gedagte - iets soos die "bottelnek" waarvan hierbo gepraat is. Die term wat hy dan voorstel - dat mens Chatman se term *filter* gebruik - is egter 'n ongelukkige keuse aangesien dit, soos hierbo getoon, eerder aan Bal se fokalisator verwant is. As mens weer eens kyk na hoe Chatman self die term definieer:

> A narrator can elect to tell a part or the whole of a story *neutrally* or "from" or "through" one or another character's consciousness. This function should I think be called "filter".
>
> (Chatman 1986: 196)

dan blyk duidelik dat dit met Bal se nosie van die "fokalisator" se partydige visie ooreenstem en dus nie by Genette se gebruik van die term *fokalisering* pas nie. Al probeer Nelles om die woord *filter* in sy eie gebruik daarvan met Genette se model in lyn te bring, is dit reeds deur Chatman se definisie met Bal se "fokalisator" gekontamineer. Om *filter* op 'n ander manier as Chatman te probeer gebruik, is dus geen manier om verwarring te voorkom nie. Ek het reeds voorgestel dat *filter* 'n gepaster alternatief vir Bal se *fokalisator* sou wees.

Waar Nelles meen dat:

> The word "filter" is especially attractive here because of its relative freedom from visual connotations and the confusions that have so persistently accompanied them.
>
> (Nelles 1990: 368)

stem ek nie saam nie: ek neig self om Chatman se *filter* as 'n soort kleurfilter te lees, miskien vanweë die assosiasie wat die term *fokalisering* met die fotografie het. Watter ander soort filter Chatman (of Nelles) dalk in gedagte sou hê ('n koffiefilter of 'n petrolfilter?) is nie vir my duidelik nie. Die woord *filter* dra in ieder geval nie op 'n metaforiese vlak dieselfde boodskap oor as Genette se *foyer situé* en *goulot* (bottelnek) nie. Aan die ander kant is die nosie van 'n kleurfilter 'n besonder geskikte metafoor vir die wyse waarop Bal se "fokalisator" die "geskiedenis" met sy/haar eie partydige visie kleur.

Slot

Die nut van teoretiese terme is dat hulle vooraf gedefinieer word om so duidelik en ondubbelsinnig moontlik gebruik te kan word. Waar fyn onderskeide gemaak word, is dit belangrik dat daar konsensus oor die gebruik van sodanige terme moet wees. Wanneer 'n term soos *fokalisering* op wyd uiteenlopende wyses gebruik word, soos wat ek hierbo geïllustreer het, skep dit onvermydelik verwarring en word die doel van die gebruik van so 'n term ondermyn. Wanneer die term boonop in dieselfde artikel op verskillende wyses gebruik word, soos wat ek ook hierbo getoon het, lei dit tot drogredenasies.

Ek wil dus voorstel dat, wanneer daar van die term *fokalisering* gebruik gemaak word, daar duidelik gespesifiseer word in watter sin die term gebruik word - of dit gebruik word in die sin van 'n "bottelnek" soos wat Genette dit gebruik, en of dit gebruik word in die sin van 'n "filter" soos wat Bal dit gebruik. Omdat dieselfde instansie in 'n verhaal as beide bottelnek én filter kan funksioneer, wil ek argumenteer dat dit narratologies sinvol is om duidelik tussen dié twee te onderskei.

Nota

1. Terwyl Marais (1993) aanvanklik netjies tussen Genette en Bal se gebruike van *fokalisering* onderskei (Bal se "fokalisator" is "iets totaal anders as wat Genette met fokalisasie bedoel het" (1993: 374)) verloor hy die informasieregulerings-aspek van Genette se nosie heeltemal uit die oog wanneer hy met sy eie konseptualisering van die fokalisasieteorie vorendag kom. Sy voorstel om aan die hand van Stanzel "die konsep van fokalisasie uit te brei om alle waarneming en bewussynsfunksies van die verteller in te sluit" (Marais 1993: 377), is bloot 'n uitbreiding van Bal se soort fokalisering - van die begrip "filter" - en het met die bottelnek, oftewel die voorlopige terughou, van relevante informasie waarvan

Genette praat, niks te make nie.

Herman (1994), wat 'n betekenisvolle uitbreiding van die begrip "fokalisering" voorstel deur die term *hypothetical focalization* te introduseer en dan tussen sterk en swak, direkte en indirekte hipotetiese fokalisering te onderskei, praat duidelik van filters en nie van bottelnekke nie. Terwyl 'n hipotetiese filter ('n hipotetiese waarnemer van 'n toneel wat beskryf word, byvoorbeeld) 'n sinvolle begrip is, is dit geensins sinvol om van iets soos 'n hipotetiese bottelnek van informasie te praat nie.

Verwysings

Bal, Mieke

1979 Over lachende muizen en naïeve zieners. *Forum der Letteren* 20: 471-476.

1980 *De theorie van vertellen en verhalen: inleiding in de narratologie*. Muiderberg: Dick Coutinho.

1981 Notes on Narrative Embedding. *Poetics Today* 2(2): 41-59.

Berendsen, Marjet

1984 The Teller and the Observer: Narration and Focalization in Narrative Texts. *Style* 18(2): 140-158.

Brink, André P.

1987 *Vertelkunde; 'n inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria & Kaapstad: Academica.

Bronzwaer, W.

1979 Focaliseren of vertellen? *Forum der Letteren* 20: 449-458.

Chatman, Seymour

1986 Characters and Narrators. Filter, Center, Slant and Interest-focus. *Poetics Today* 7(2): 189-204.

Cloete, T.T. (red.)

1992 *Literêre terme & teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Du Plooy, Heilna

1986 *Verhaalteorie in die twintigste eeu*. Durban: Butterworth.

Edmiston, William F.

1989 Focalization and the First-Person Narrator: A Revision of the Theory. *Poetics Today* 10(4): 729-744.

Genette, Gérard

[1972]1980 *Narrative Discourse*, translated by Jane E. Lewin. Oxford: Basil Blackwell.

1983 *Nouveau discours du récit*. Parys: Editions du Seuil.

1988 *Narrative Discourse Revisited*. Ithaca, New York: Cornell University Press.

Herman, David

1994 Hypothetical Focalization. *Narrative* 2(3): 230-254.

Jansen, Ena
1994 Sjarmante onthouboek. *De Kat*, Maart, p. 94.
Marais, J.
1993 Fokalisasie: 'n narratologiese besinning. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 9(3/4): 371-383.
Moore, Gene M.
1989 Focalization and Narrative Voice in *What Maisie Knew*. *Language and Style* 22(1): 3-24.
Nelles, William
1990 Getting Focalization into Focus. *Poetics Today* 11(2): 365-382.
Rimmon-Kenan, Shlomith
1983 *Narrative Fiction: Contemporary Poetics*. London: Methuen.
Van Buuren, M.B.
1979 Focalisatie: Een kritische beschouwing van Mieke Bal's narratologie. *Forum der Letteren* 20: 459-470.